

Nomades roete terugvoer en nuusbrief - Maart 2014.

Roeteterugvoer – 2014/03/21-23

Wag n Bietjie Ekoplaas is op die grens van die Vrystaat, sowat 31 km suid van Orkney, rofweg tussen Klerksdorp en Bothaville. Direk langs die Vaalrivier.

Mariete Naude, Norma Grotius en Marius Stander; Annalene Bester en Steve de Villiers; JS en Nicolene van der Merwe met hul seuns JS junior en Frederik en JS se suster Rosa Brand; Jannes van Ryssen, Erika Barnard, Wilna Moolman en Kobie Venter; Sally Steyn, Marlene O'Kelly en Renier Botha het saamgestap.

Daar is amptelik 'n 10 km(geel) en 3 km roete(wit), maar agv die baie



reën het die eienaar (Hoffmann) die dele van die roete langs die rivier amptelik gesluit en spesiaal vir ons 'n alternatiewe kaart geteken waar ons op van die motorpaaie dan

ook kan loop. Die akkommodasie opsies is die plaashuis, die Slaap-'n-Bietjie groeps-stappers-saal(24) en die Snork-'n-Bietjie 4-bed suite.

Die groeps-saal en Snork-'n-Bietjie (plek vir 28 persone) deel 1 dames- en 1 mans badkamer. Elke een het net een privaat sitplekkie. Die manne het 3 storte en die dames verstaan ek 'n bad en 2 storte.

Die 4-bed kamer het 'n volledig toegeruste kombuis-hoekie en die groepskamer net 'n yskas. Die res van die kombuisgeriewe is in 'n vreemde toegeboude lapa/saal opset wat blykbaar ook soms vir onthale en ander funksies gebruik word. In daardie kombuis-deel is 'n vrieskas, 2 plaat elektriese stofies, 'n urn, ketel en kouewater wasbak. Daar is ook die fasiliteit om in die toegeboude lapa te braai, maar ons het verkies om buite in die oopte te braai op draagbare los braaiers wat ook beskikbaar is. Daar is heelwat stoele beskikbaar.

Saterdagoggend rondom 9:00 begin ons stap, aangesien ons gehoor het die nuwtydelike roete is net 2,5 ure en die hele groep deur die badkamers moet kom. Die warm water in die badkamer kom van 'n donkie wat op spesifieke tye in die oggend en aand deur 'n werker gestook word.

Ons begin met die amptelike Geel roete (AB), dan 'n afdraai na die rivier en terug (BJB), aan met die geel roete deur die Wildebeesvlakte(sonder Wildebeeste), Soetdoringdraai en Duikerbos(ook sonder Duikers) deur die Grootboomvlakte en sowaar, daar is 'n Grootboom!(E).

By die boom 'n bietjie gerus en ontspan voordat ons die laaste entjie van die oorspronklike geel roete deur die Oewerbos aandurf en toe net 'n klein entjie langs die rivier geloop(sover as wat die roete oopgesny was vir ons)(F). Dan terug op ons spoor, tot ongeveer by die Grootboom en weer af rivier toe (EHD), 'n entjie op Geel en dan 'n alternatiewe roete CKB tot by die kamp. 'n Plat stap maar tog 'n lekker en mooi verskeidenheid vlakte, bos en rivieruitsig. Ons was so tussen 12:00 en 13:00 terug by die kamp.



Party was braaf genoeg om die plaaslike swembad te ondersoek. Heel lekker gewees.

Saterdagmiddag het die meeste mense verkies om per geleentheid 'n bietjie te gaan skuins lê. Ek en JS junior het die middag die oorspronklike 3 km kort roete (sien A-L-J-K-B-A op die kaart) gaan ondersoek. Die laagwater driffie oor die Vaal rivier (waar ons Vrydagmiddag oorgery het toe ons gekom het) is dan ook eers die vorige Dinsdag ooggemaak, dus kan ek heeltemal verstaan die deel van die roete was ook onbegaanbaar (L-J). Ons stap die entjie af vanaf die basis




tot by die rivier, en toe die avontuur. Die terrein waar die eienaar ons gewaarsku het wat gesluit is. Maar die paadjie is heel verbasend goed. 'n Klein bietjie modder hier en daar en enkele plekke waar die gras die paadjie bietjie toegegroe het of opdrifsels die paadjie versper. Oral is klein stroompies/inlopie in die rivier in. Party is klein genoeg om net oor te loop met 'trappies'-houtpale wat ingelê is. Die twee grotes het netjiese br'ue oor. Dan is daar 'n paar baie mooi plekke waar mens die rivier op sy beste kan sien. Iets wat die ander stappers wat nie hierdie roete geloop het nie, gemis het. Die 3de groot inlopie se bruggie was heeltemal weggespoel met baie opdrifsels wat oral rondlê. Dit was ietwat van 'n avontuur maar ons daardeur om weer aan te sluit by punt J waar ons die oggend net in en uit geloop het van die hoof-roete. Ons het verder probeer maar dit was te modderig en glibberig. Van hier stap ons weer dan die paadjie uit via K en B na die basis.



Sondagoggend verkies die meeste mense om vroegerig te ry. Ek gaan wys toe vir Mariette, Norma, JS, Nicolene, Frederik en Rosa die roete wat ek Saterdag 'ontdek' het. Almal het die avontuur geniet en meeste het die modder-skuurmerke om te wys hulle het die sowat 3Km rivier roete voltooi. Almal gestort en mooi gemaak vir die pad en ons is op pad. JS en span kuier nog 'n rukkie en sou later ry.

Dit is Ver soontoe. Sowat 290Km. Maar die pad is goed en ek glo as die volle Geel lang 10 km roete weer amptelik oopgestel is nadat die skade herstel is, dit veral vir voëlkykers daar langs die rivier 'n ware fees gaan wees. 'n Maklike staproete met bykans geen hoogteverskil nie. Dit is

darem die Wes-Vrystaat, dus te verwagte. Saterdag oggend was ongeveer 12km en Sondag oggend se 'Wit' lus sowat 3Km. Sien gerus ook <http://www.wagnbietjie.net> vir meer info en om direk te bespreek.



Voetslaan Magalies.

Elke laaste Dinsdagaand van die maand kom die Magalies streek stappers bymekaar by die Filadelpia Hervormde gemeente te Lunnonstraat 127, Hillcrest om 19:00. Dinsdag aand kom Willie Froneman met die groep gesels oor voëls in die Magaliesberge. Sy seun, Albert, is spesifiek bekend as fotograaf en van die foto's wat hy gewys het was ook inderdaad



dan van sy seun se foto's. Behalwe interessante inligting oor o.a. Die Kransaasvoël (Cape Vulture) en ander voëls van die Magaliesberg het hy op baie foto's dan ook uitgewy oor wat van die foto dan 'n goeie foto maak en waarvoor om op te let om 'n netjiese foto te neem. Van die reëls is bv. Moet nooit iets afsny spesifiek met voëls nie. Van die kroontjie tot toontjie moet in wees. Dit is goed om die onderwerp te 'raam'. Gee die voël of dier ruime om 'vorentoe' te beweeg, dus moet sy stert naby aan 'n kant wees en voor hom 'spasie' om in te beweeg. Moet nooit die dier in die middel van die foto plaas nie. 'n Teken van 'n goeie fotograaf is as jy dit regkry om 'n swart of donker dier/voël so te afneem dat dit nie net 'n swart kol is nie, maar die detail van bv. die vere gesien kan word. Wat Willie ook voorstel as jy ernstig voël-foto's wil neem, is neem 'n waterbak saam. Plaas dit op 'n

gerieflike plek veral as jy 'n paar dae op 'n plek bly en na 'n ruk sal die voëls agterkom daar is water en na jou toe kom. Gooi gerus ook maar saad uit vir hulle. Dan het ook heel interessant genoem dat die hele siklus van die natuur daar moet wees. Waar 'n dier bv. deur leëus gevang en oopgeskeur is, het die hienas of wildehonde later gekom om die bene op te kou. Die klein stukkie been-brokkies wat in die kou-proses van agtergelaat word, is weer dan nodig vir o.a. die kransaasvoël om te eet sodat hy genoeg kalsium kan inkry vir sterk en gesonde eiers en bene. Die natuur bly maar net wonderbaarlik.

Vir meer inligting op Voetslaan Magalies, gaan besoek gerus www.hikingmagalies.co.za

Erika, Baie dankie ook vir jou proeflees en regmaak.

Vriendelike Stapgroete
 Marius Stander, Nomades Voetslaanklub
www.nomades.co.za , MariusStanderPTA@gmail.com